AGS kentrikos

DIE AGS VAN SA ROBERTSON SENTRAAL

# DOOP van GELOWIGES

Die laaste opdrag van Jesus net voor Sy hemelvaart was: *"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."* (Matteus 28:19; Markus 16:15-16.) Hierdie opdrag van Jesus is baie duidelik dat wanneer iemand tot geloof in Hom gekom het, daardie persoon gedoop moet word in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Met die uitstorting van die Heilige Gees beklemtoon Petrus die belangrikheid en noodsaaklik van gehoorsaamheid aan die opdrag van Jesus Christus (Handelinge 2:38 en 41). In die res van die boek Handelinge word daar gereeld melding gemaak van die uitvoering van hierdie opdrag wanneer mense tot geloof in Jesus Christus gekom het. (Handelinge 8:12-13 & 36-38; 9:18; 10;47-48; 16:15; 16:33; 18:8; 19:5-6; 22:16)

Elkeen wat tot bekering gekom het deur Jesus Christus as hulle Verlosser en Saligmaker aan te neem, moet gedoop word. Hierdeur verklaar hulle dan dat hulle hul vereenselwig met die sterwe en opstanding van Jesus Christus wat in hulle plek gesterf het.

Hy het vir hulle versoening met God bewerkstellig het. Verder verklaar hulle ook daarmee dat hulle 'n wedergeboorte ondervinding gehad het en dat 'n nuwe geestelike lewe in hulle tot stand gekom het en dat hulle nou leef as navolger/dissipel van Jesus Christus. (Matt 28:19; Mark 16:16; Joh 3:1-8; Hand 10:47-48; Rom 6:4)

Die waterdoop is 'n uitbeelding van iemand se persoonlike getuienis aangaande 'n innerlike en geestelike ondervinding toe daardie persoon Jesus Christus aangeneem het as persoonlike verlosser en saligmaker en daar in daardie persoon 'n nuwe lewe tot stand gekom het. Deel van hierdie ervaring is gewoonlik dat die persoon se lewe verander het en dat hy/sy nie meer die lewe wil leef wat hulle geleef het nie en nie meer wil doen wat hy/sy gedoen het voordat hulle wedergeboorte ondervind het. Die simboliek van die waterdoop by wyse van onderdompeling is treffend daarin dat dit heenwys na die nuwe lewe wat vir elke mens moontlik geword het deur die dood en opstanding van Jesus Christus en wat 'n werklikheid geword het in die dopeling se lewe (Romeine 6:3-5; 1 Korintiërs 10:2; Galasiërs 3:27 & Kolosense 2:12).

Die allerbelangrikste voorvereiste vir iemand om gedoop te word, is 'n reeds aanwes geloof in Jesus Christus as die Seun van God en jou persoonlike Verlosser en Saligmak Die waterdoop is 'n openbare belydenis van 'n reeds teenwoordige geloof in Jesus Chris en is nie 'n heenwyse na 'n toekomstige geloof en navolging van Jesus Christus nie. Die waterdoop spreek dus op 'n sigbare wyse van die onsigbare gebeure wat alreeds iemand se lewe plaasgevind het. In die lig van die voorafgaande is dit duidelik dat iema wat nog nie volwasse genoeg is om die evangelie aangaande Jesus Christus te verstaan r en nie 'n eie en selfstandige besluit kan maak om in Jesus te glo en Sy navolger te word r nie gedoop kan word nie. Niemand mag gedoop word op grond van iemand anders geloofsoortuiginge nie.

Die waterdoop is 'n heenwysing van die wedergeboorte en saligheid wat alre plaasgevind het. Van nature is 'n mens gewikkel in die stryd met die "sondige" "vleeslike" natuur wat 'n integrale deel van 'n mens se lewe is (Romeine 6:6 en 7:17-2 Die waterdoop verlos 'n mens nie hiervan nie. Slegs Jesus Christus (Romeine 7:25) stel buite werking na mate Hy meer en meer in beheer van jou lewe kom deur die werking v die Heilige Gees in jou. Volkome oorwinning geskied met Sy wederkoms (1 Korinti 15:52-56). Lees ook Galasiërs 5:17-18; Galasiërs 2:20; Romeine 6:12-18; Romeine 6:6 Romeine 7.

In die Nuwe Testament is gelowiges direk na hulle bekering gedoop. Dit is raadsaam iemand wat tot bekering gekom het so gou moontlik in gehoorsaamheid aan God en openbare belydenis en getuienis gedoop word. In navolging van die opdrag van Je Christus, doop ons mense wat Hom aangeneem het as persoonlike verlosser en saligma en 'n getuienis het van 'n persoonlike ondervinding van weder-geboorte in die naam v die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die Nuwe Testamentiese gebruik was om op gro van die betekenis van die Griekse woord *baptismos*, "om by herhaling onder in te dru die navolgers van Jesus deur middel van onderdompeling te doop. Om op hierdie wyse doop te bedien word daar ryklik uitdrukking gegee aan die ryke betekenis van waterdoop. Wanneer iemand gedoop is, is die persoon heeltemal onder die water gedompel. In navolging van die oorgelewerde Bybelse gebruik, word daar in die gemeen by wyse van onderdompeling in water en "in die naam van die Vader, Seun en Heilige G gedoop".

'n Bevel van die Here, eis gehoorsaamheid. Die opdrag om gedoop te word benodig nie verdere openbaring nie en slegs gehoorsaamheid word deur die wat Jesus Chri aangeneem het as hulle persoonlike verlosser en saligmaker. Gehoorsaamheid weerspi is 'n toonbeeld van iemand se gesindheid teenoor en liefde vir Jesus Christus. Jesus het oor en oor beklemtoon dat niemand kan sê 'Here, Here' en hulle doen nie wat Hy hu beveel het nie (Matteus 7:21 & Johannes 14:21).